

Hoofstuk van die dag: Numeri 25

> *Terwyl Israel in Sittim was, het van die Israelitiese mans met Moabitiese vrouens gemeenskap gehad. (vers 1)*

Balak het geweier om die ooreengekome waarsêersloon aan Bileam te betaal (24:11). Uit 24:25 wil dit lyk of Bileam druipstert

terug is na sy land, maar dit is nie die volle verhaal nie. As ’n mens tussen die lyne lees, het Bileam, om wel sy geld te kry, vir Balak gehelp om tóg die Israeliete by te kom (vgl 31:16 en Op 2:14). Hulle het ’n groot afgodsfees vlak langs die Israeliese kamp gereël, waar Moabitiese meisies die Israeliete verlei het om aan die seksorgie deel te neem. Prostitusie was deel van hulle aanbidding (vgl Eks 34:15). So het die Israeliete nie net gehoereer nie, maar ook Baäl-Peor aanbid (vers 2-3).
Soos te verwagte, het die toorn van die Here teen Israel ontvlam (vers 3). Wat sake vererger het, is dat dit nie net Moabitiese meisies was nie. ’n Vooraanstaande Midianitiese vrou was ook betrokke (vers 6, 14 en 15). Vier en twintig duisend Israeliete het as gevolg van dié sonde omgekom (vers 9). Dit het waarskynlik die laaste oorlewende Israeliete wat uit Egipte weggetrek het, ingesluit.
God verwag onverdeelde trou aan Hom (Eks 20:5). Dis nie onderhandelbaar nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026